

5 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 147:7-20

Fokusgedeelte: Psalm 147:14

HK, Vraag 125

### Die Here sorg vir ons liggame

Soms dink mense dat die Here net in die geestelike sy van ons bestaan belang stel. Hy gee ons vergifnis van sondes, vryspraak en die ewige lewe. Hy dink aan ons wanneer ons met godsdienstige handelingte besig is, soos om kerk toe te gaan, te lees en te bid.

Die Here se Woord bring egter die boodskap na ons toe dat God besorg is oor ons hele bestaan. Hy sorg ook vir ons liggame. Toe sy volk uit Egipte deur die woestyn getrek het, het hy hulle met manna uit die hemel gevoed. Hy het sy volk "met die beste graan gevoed" (Ps 147:14). Alle goeie dinge kom van Hom af, Hy wat die gewer van alles is. Ons liggaamlike gesondheid en krag, ons klere, ons voedsel, ons woonplek en nog baie ander dinge wat ons liggame nodig het, het ons alles vanweë die Here se liefdevolle versorging.

Ons moet Hom egter ook vertrou dat Hy die dinge aan ons sal gee; vandaar ons gebed: "Gee ons vandag ons daaglikse brood." Wanneer ons die Here werklik met ons hele lewe vertrou, ook vir ons liggaamlike behoeftes, kom daar kalmte en gemoedsrus in ons harte. Dan weet ons hoe waar die woorde van Jesus was toe Hy gesê het dat ons ons nie hoef te bekommer oor wat ons moet eet of wat ons moet aantrek nie (Matt 6:32): "Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het." Wag vandag vol biddende vertroue op die Here se liefdevolle versorging vir alle fasette van jou bestaan.

*Sing: Psalm 107:2, 4*

*Ds. L du P van der Vyver (Silverton)*

~~~~~